Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

Die O.B.

Jrg. 9 | Kaapstad, Woensdag, 8 Maart 1950 | Prys 3d. | No. 16

# Britte Skrik Vir ‚Gewese' Rooies: Een In Kabinet

**Die veroordeling van Klaus Fuchs tot veertien jaar tronkstraf weens die uitlewering aan die Russe van uiters waardevolle atomiese inligting het die Britse volk en die Amerikaanse regering diep geskok.**

Hierdie Kommunis wat deur die Britte uit die interneringskamp opgepik is—waar hy gehou was voordat Rusland 'n bondgenoot geword het—en reguit opgeskuif is na die binnekring van atoomnavorsing, het, soos dit alle goeie Kommuniste in hoë betrekkings betaam, sy openlike verbondenheid aan die party laat vaar en 'n skyn-demokraat geword. Intussen het hy in verbinding gebly met Kommunistiese agente en hulle gereeld van belangrike inligting op die gebied van atoomontwikkeling voorsien. So gespesialiseerd was hierdie inligting dat die Amerikaanse geheime polisie wat deur die Britte stilletjies ingeroep is om te kom help nadat hulle 'n lekasie ontdek het, by die eerste oogopslag dadelik besef het dat alleen een van die hoogste amptenare die inligting moes verstrek het—een wat presies weet wat van waarde is en wat nie.

**V.S.A. BESOEK**

Wat vir die Amerikaners veral skokkend was, is dat hierdie spioen saam met 'n groep Britse wetenskaplikes Amerika se atoom-inrigtings besoek het en van die geheime wat hy daar gesien het, ook verklap het. Die gevolg hiervan is dat die Amerikaners nou glad nie meer wil hoor van die uitruil van atoomkennis nie. **Daar was juis onderhandelinge aan die gang vir 'n stelsel waarvolgens Britse, Kanadese en Amerikaanse atoom-inligting saamgegooi sou word. Hierdie onderhandelings het nou afgespring. Die Amerikaners voel dat die Britse veiligheidsmaatreëls veel te wense oorlaat as 'n man soos Fuchs vir so 'n lang tydperk vrye spel kon hê.**

**OUD-KOMMUNIS MINISTER**

Van die kant van die Britse volk word aangedring op 'n deeglike ondesoek na die veiligheidsmaatreëls, terwyl 'n agterdogtige oog geflits word na alle voormalige Kommuniste. **Dit geld veral die nuwe minister van oorlog, John Strachey, wat ook voorheen 'n Kommunis was en vandag aan die hoof staan van die belangrike oorlogsdepartement sonder dat hy, volgens Britse koerante, nog ooit sy Kommunistiese opvattings in die openbaar verwerp het.**

**In Amerika word mense met 'n Kommunistiese rekord—al is dit baie jare terug—van alle verantwoordelike posisies onthef. In Brittanje word sulke mense onder die „pink" bewind van Attlee tot sleutelposisies verhef.**

## Oud-kommunis Hoof Oor Spioendiens

Die Britse eerste minister, Clement Attlee, het verlede week ontken dat sy oorlogsminister, John Strachey, 'n Kommunis is, en het die aanval op hom deur die Evening Standard gelaak. **Kort daarna het Strachey self in 'n verklaring erken dat hy 'n Kommunis was tot 1940.**

Die Evening Standard het berig dat die regering 'n deeglike ondersoek na die Britse geheime diens gelas het na aanleiding van die Fuchs-geval **en daarop gewys dat die geheime diens deel is van die departement van oorlog, waarvan 'n oud-kommunis tans minister is!**

# WAAROM DAARMEE SPEEL?

**„Dit is regtig bedroewend dat die Verenigde Party besluit het om te veg teen die wetsontwerp wat die verbod op buite-egtelike gemeenskap tussen wit en swart wil uitbrei tot gemeenskap tussen wit en bruin. Waarom doen die Opposisie dit?" So lui dit in 'n hoofartikel van Die Burger.**

Die vraag wat die blad stel, is glad nie moeilik om te beantwoord nie. Die leier van die opposisie word £2,000 per jaar betaal om die regering te opponeer. **Dit is die taak van „Sy Majesteit se Opposisie" om die regering te opponeer.**

Waarom dan vrae stel terwyl die antwoord voor die hand lê?

As ek vir my 'n slaanbal aanskaf, en die ding slaan my op die neus, pas dit my nie om aan die publiek te vra nie: „waarom slaan die ding my?"

Dit pas die publiek beter om te vra: **„Waarom koop jy vir jou 'n ding wat jou op jou neus slaan?"**

En as ek vind dat dit te pynlik word om op die neus geslaan te word, dan is die vanselfsprekende oplossing: **„Hou op om met 'n ding te speel wat terugslaan—neem dit weg!"**

## Mev. (Pres.) Steyn Verjaar

Mev. (pres.) M. T. Steyn het Sondag haar 85ste geboortedag herdenk aan huis van haar dogter, mev. dr. J. S. du Toit, van Kaapstad. Weens 'n ernstige siekte waarvan sy nog nie ten volle herstel het nie, is die dag stil deurgebring in teenwoordigheid van slegs kinders en kleinkinders. Mev. Steyn het nietemin 'n groot aantal boodskappe van gelukwensing van oral uit die land—en selfs uit die buiteland—ontvang, onder andere van die Eerste Minister en genl. Smuts.

Mev. Steyn, wat deur haar geneesheer aangeraai is om haar nie te vermoei met individuele beantwoording van die groot aantal boodskappe nie, het haar dank in die volgende bewoording deur middel van die pers betuig:

„Waar ek my 85ste verjaardag begroet vanuit 'n siekbed, noodwendig stil en afgesonderd, was daar tog 'n vreugdevolle stemming, gewek deur die pragtige blomme en geskenke wat my oë verlustig het. Verjaardagboodskappe en wense wat nooit sal verwelk nie, het my gemoed versterk. Daarvoor bly my dank innig en opreg."

# V.S.A. HET WAPENWEDLOOP KLAAR VERLOOR

**Rusland het die wedloop in superbewapening reeds klaar gewen en op die tydstip dat Amerika met soveel gebaar aangekondig het dat hy tot die gewigtige besluit oorgegaan het om waterstofbomme te produseer, het Rusland sy eerste waterstofbom al klaar ontplof en is hy in besit van nog twee, verklaar die deeglik ingeligte blad Intelligence Digest in sy jongste uitgawe.**

Die blad verklaar dat die mening wat in Westerse kringe bestaan dat die besit van hierdie magtige wapen deur sowel Amerika as Rusland 'n waarborg vir die vrede kan wees, heeltemal 'n valse gerustelling is. **Dit kon dit alleen gewees het indien albei lande ewe kwesbaar was, maar in die onderhawige geval is daar geen vergelyking tussen Rusland en Amerika nie. Die Russiese generale staf is diep geïnteresseerd in die aspek van betreklike kwesbaarheid, en hulle meen dat waar Rusland steeds minder kwesbaar word Amerika en sy bondgenote altyd meer blootgestel word aan atoombomaanvalle as gevolg van die feit dat atoombomdraende duikbote besig is om die verdediging wat op seemag berus, te klop.**

**ASTRANT**

Die uiterste vyandiggesindheid in die Russiese pers en radio en die toon van selfversekerdheid, meen die blad, behoort vir elkeen 'n aanduiding te wees van die waarheid van bogenoemde stellings. „As ons volk maar net vir een week die Russiese pers en radioskrifte kon lees, sou hulle besef hoe die wind waai. **Maar laat ons weereens sê dat die politieke leiers die feite veronagsaam in die gesig van die mees dringende advies van sommige van hul wysste en ervarendste tegniese en deskundige amptenare."**

**AFRIKA SE ROL**

Die blad meen dat daar hoofsaaklik twee faktore is waarmee rekening gehou moet word. Die eerste is Rusland se afhanklikheid van olie. Sy olievelde is kwesbaar met Turkrye as basis, maar Turkye word nie vinnig en kragtig genoeg voorberei nie. Die belangrikste faktor is egter die behoud en ontwikkeling van Afrika — die enigste blok land wat strategies met Rusland kan vergelyk en wat desnoods onafhanklik van die see kan wees. Rusland mag nie toegelaat word om hierdie vasteland te verower nie.

**Laasgenoemde waarskuwing val saam met 'n aankondiging van die internasionale komitee vir die bestudering van Europese vraagstukke verlede week dat Rusland se volgende doelwit die Afrikaanse vasteland is. „Sowjet-Rusland is besig met haastige en uitgebreide voorbereidings om sy beleid van verowering in Afrika voort te sit," lui die verslag.**

## Baie Geslaagde Kommunistiese Vergaderings

**„'n Reeks hoogs geslaagde Kommunistiese Party-vergaderings is verlede week dwarsdeur alle Johannesburgse naturelledorpe gehou in verband met die Newclare-onluste en die volk se eis dat polisie-klopjagte vir bier en paste gestaak moet word.**

**„Orlando, Alexandra, Moroka, Jabavu, Sophiatown en Newclare het vergaderings gehad wat die grootste is wat vir baie maande daar gehou is."**

**Bostaande berig verskyn in die Kommunistiese blad Guardian.**

**Wanneer kom die regering dan met sy anti-Kommunistiese maatreëls wat hierdie georganiseerde opsweping van die naturelle sal beëindig? Moet daar nog eers meer bloed loop?**

## Rome Wil Met Ander Kerke Nou Saamwerk

**Die Roomse Kerk, wat geen ander Christelike kerke erken en dus met hulle wil saamwerk nie, het tans sy beleid gewysig sover dit samewerking teen die Kommunisme betref, luidens 'n aankondiging van die Vatikaan.** Nuwe opdragte is aan biskoppe uitgestuur waarin samewerking met ander kerke, onderhewig aan sekere voorwaardes, toegelaat word ter verdediging van „die fundamentele beginsels van die natuurlike wet en die Christelike godsdiens teen vyande wat teen God verenig" en ten opsigte van maatskaplike werk en dergelike aangeleenthede.

# PARTYPOLITIEK GEEN STAATSBESTUUR

**„Wat kan mens anders verwag solank Ministers in die eerste plaas partypolitici en in die laaste plaas opgeleide bewindvoerders is," vra „The Man on the Spot" in sy rubriek in die Cape Times na aanleiding van 'n geval waar 'n Minister nie in staat was om 'n besoekende besigheidsman van gevraagde inligting te voorsien nie.**

Die rubriekskrywer het dit oor die gebrekkige statistiese diens in ons land wat, na bewering, die land die afgelope paar weke £40 miljoen aan beleggings gekos het omdat voornemende beleggers nie die nodige gegewens kon verkry nie. Hy verwys dan na 'n geval 'n paar maande gelede waar 'n Minister by geleentheid van 'n sosiale funksie wat spesiaal vir die doel gereël was, in aanraking gebring is met 'n besoekende besigheidsman.

**„Miskien was dit nie die aangewese geleentheid vir hierdie soort saak nie, maar hy het in wanhoop tou opgegooi. Al wat hy gekry het, was oppervlakkige algemeenhede omtrent ,die land van geleenthede'. Hy wou statistiese en konkrete feite gehad het.**

**„Maar waar kan mens daarvoor aanklop tot tyd en wyl ons ons land op 'n besigheidsgrondslag bestuur? Wat anders kan mens verwag solank Ministers in die eerste plaas partypolitici en in die laaste plaas opgeleide bewindvoerders is?"**

Hierdie kommentaar kan miskien aangevul word met 'n aanhaling uit die Cape Argus se politieke oorsig deur 'n wandelgang-korrespondent: „In 'n sekere sin is die hoofde van departemente die swygende loskop-lede van die Huis. Hulle sit in die losie agter en regs van die Speaker. **Hulle voer hul Ministers met ammunisie wanneer hulle op debatte antwoord. Boodskappers dra die briefies van die losie na die ministeriële banke.** Hierdie boodskappers het dit maklik gehad toe mnr. Hofmeyr, 'n man met 'n onfeilbare geheue, op sy voete was, **maar vir meeste Ministers is die hoofde van departemente die reddingstou wat verhoed dat hulle in die see van onbekende feite verdrink."**

## Britte Voer Segregasie In

Die Britse regering voel besorg oor die invoering van segregasie in agt Liverpoolse hotelle, en beswaar daarteen is gemaak. Die eienaars verklaar dat hulle daartoe verplig is deur hul gereelde gaste wat nie saam met nie-blankes wil woon nie.

## Churchill Se Vredesprestasie

Churchill is aanbeveel as 'n kandidaat vir die Nobel-vredeprys.

Moontlik berus hierdie aanbeveling op die dienste wat hierdie Britse politikus gelewer het vir die bevordering van 'n bolsjewistiese duisendjarige vrederyk. Naas Roosevelt is geen ander enkele persoon meer verantwoordelik vir die uitlewering van Europa—en moontlik die wêreld—aan die bolsjewisme nie —'n feit wat alleen ongedaan gemaak kan word deur 'n atoomoorlog.

DIE O.B., WOENSDAG, 8 MAART 1950

# WATTER WAARBORG HET DIE VOLK?

Die maatreëls van die regering om bloedsuiwerheid te handhaaf sal, ten spyte van die partypolitieke munt wat die opposisie daaruit probeer slaan, wye steun in die land ontvang. Verlede week is die wetsontwerp wat buite-egtelike bloedvermenging tussen blank en gekleurd verbied, deur die Minister van Justisie geloods, terwyl voorbereidings getref word vir die invoering van 'n volksregister. Albei hierdie maatreëls is 'n halwe eeu agterstallig, en die feit dat die huidige bewind besluit het om op 'n late uur tog deur te byt, is iets waaroor die volk dankbaar kan wees. Dat daar ontberings veral ten opsigte van die laaste beoogde maatreël gepaard sal gaan met die uitvoering van die beleid, val nie te ontken nie, **maar daar moet nou eenmaal besluit word wat die toekomstige kleur of kleure van die Suid-Afrikaanse bevolking moet wees. En as ons dan besluit dat daar ook plek moet wees vir 'n suiwer blanke ras, kon daar nie meer langer met 'n afbakening van bloed getalm word nie.** Van Kleurling-kant word reeds gedreig om name bekend te maak van Kleurlinge wat oor die bloedgrens geglip het — 'n praktyk wat deur die Kleurling-bevolking tot sover ôf met instemming as synde sabotasie teen die blankedom ôf — in betergesinde kringe — met stilswye bejeën is.

## DIE OORSAAK

**En dit is miskien nuttig om in hierdie verband te beklemtoon dat hierdie vlug uit die Kleurlinggemeenskap na die blankedom in noue verband staan met die gevoel van verydeling wat veroorsaak word deur die huidige dubbelslagtige beleid van „apartheid" en „liberalisme". Omdat daar nie 'n suiwer keuse tussen die twee rigtings in die verlede in ons volkslewe gemaak is nie, is ons „apartheidsbeleid" vir 'n groot deel deur die liberalisme geneutraliseer met geniepsige gevolge vir die nie-blankes.** Om maar een voorbeeld te noem: Aan sommige van ons universiteite word geen kleurlyn gehandhaaf nie, maar wanneer nie-blanke studente afgestudeer is in daardie gemengde inrigtings, bevind hulle hul voor 'n kleurslagboom ten opsigte van 'n meerderheid van beroepe. **Die liberalistiese beleid wil die nie-blanke vrye toegang gee tot 'n blanke maatskaplike en politieke lewe waarbinne daar vir hom geen staanplek is nie — nie net weens „hardvogtige wetgewing", soos hulle meen nie, maar hoofsaaklik weens die blanke openbare mening wat berus op die natuurwet dat soort soort soek (dit bewys ook die toepassing van segregasie in Liverpool — die „Kaapstad" van Brittanje). En solank daar vir die nie-blanke geen sit- of staanplek binne die blanke gemeenskap is nie, sal die nie-blanke met sy „vrye toegang" misnoegd voel en die begeerte hê om „deur te glip" na die blanke bloedkring.**

## DIE OPLOSSING

Daarom is die grondslag van enige „apartheid" of segregasie dat die nie-blanke nie net uit die blanke kring geweer moet word nie, maar dat aan hom 'n eie woon- en werkterrein gegee moet word waarin hy sy ambisies en menslike begeertes kan bevredig.

**Waar die regering dus begin het om bloedgrense af te baken, rus die sware plig op hom om ook daardie positiewe deel nie na te laat nie, en dit sal die moeilikste taak van almal wees; 'n taak, wat ons oortuig van is, nie op 'n party-regering se skouers alleen kan rus nie.** Die beleid van segregasie — van afsonderlike ontwikkeling van die verskillende rasse — is so omvattend en so ingrypend dat dit nooit deurgevoer kan word wanneer dit 'n deel van die volk se **konstitusionele plig is om daarteen te veg nie.** Wanneer argumente gesoek moet word aan die uiteindes van menslike logika, soos byvoorbeeld in die geval van die ontug-maatreël waar opposisielede die argument moes insleep dat 'n verbod tussen buite-egtelike bloedvermenging „'n belediging vir elke moeder" is omdat dit veronderstel „dat sy haar kinders nie behoorlik kan opvoed nie" — **wanneer sulke argumente aangery moet word om 'n saak ampshalwe te „opponeer", dan word dit tyd dat die volk vooral aandag skenk aan die instrument van regering waarmee hy sulke diepgaande maatreëls wil deurvoer.**

## „AMPTELIKE OPPOSISIE"

Maar verder, ons wil aan die regering vra: **Watter waarborg het die volk dat hierdie maatreëls stand sal hou en nie môre-oormôre weer deur die „alternatiewe regering" omvêr gegooi sal word soos die Australiese regering vandag die kleurmaatreëls van die vorige regering sloop nie?**

**Die geskiedenis bied geen waarborg nie — behalwe een, en dit is dat die uitgediende Britse partystelsel vervang word deur 'n stelsel van volksregering waarin dit nie die betaalde en van koningsweë-opgelegde taak van 'n „Majesteit se Opposisie" is om regeringsmaatreëls teen te staan nie — al is dit dan ook maar met argumente wat net in 'n inrigting van swaksinniges indruk kan maak.**

# Berlyn: Bruggehoof Van Die Weste

(Ons Duitse Korrespondent)

**„Dit lyk soos 'n stad van die dooies. In Wes-Duitsland het ek niks gesien wat hiermee vergelyk kan word nie. En ek moet erken dat my vreugde oor die oorwinning getemper is toe ek die menslike vernedering in Berlyn gesien het. Ek het toe besluit om nooit te vergeet dat ons vir die lot van hierdie mense verantwoordelik is nie." Met hierdie woorde beskryf Lucius Clay, wat vier jaar lank opperste verteenwoordiger van die Verenigde State in Wes-Duitsland was, sy indrukke toe hy ná die slag van Berlyn in Mei 1945 vir die eerste maal die voormalige Duitse hoofstad gesien het.**

Intussen het byna vyf jaar verbygegaan. Die onoorsienbare puinhope waaronder Berlyn eers deur die Geallieerde bomwerping en later deur die Russiese artillerievuur begrawe geraak het, is inmiddels vir die grootste gedeelte opgeruim. Deur die ruïnes en kale vlaktes van die stad waai tans 'n koue en skerpe wind uit die ooste. Waar voorheen die Tiergarten — daardie pragtige park met sy knorrige ou bome midde in die stad was — is dit dood en leeg. Die borende bedreiging uit die Ooste het reeds 'n vaste norm in die lewensritme van die Berlyner geword. Dit begin wanneer jou dokumente nog myle van Berlyn af deur Russiese soldate ondersoek word; wanneer die trem plotseling by die Potsdamer Platz leegloop en diegene wat verder in die Russiese gebied moet ry, verstom.

### ROOI HERINNERING

In die Russiese gebied self word die straat oorspan deur 'n banier met die hamer en sekel daarop en foto's van Stalin, Pieck en Ulrich wat vriendelik of dreigend herinner aan die „heil" van Moskou of aan die onvermydelike ondergang van die Westerse oorlogsdrywers. **Hier staan jy aan die front van die koue oorlog; hier voel jy die onbeskryflike spanning tussen Oos en Wes wat elke vesel in die liggaam prikkel van diegene wat ongewoond aan die atmosfeer is.**

Hoe hou die vier miljoen mense in Berlyn dit uit — hoe is dit moontlik dat mense nog vanuit die Bondsgebied na hierdie stad terugkeer?

### MOSKOU WEET

**Moskou het altyd geweet dat hy wat Berlyn besit, ook Wes-Duitsland het, en die Sowjets het in die jare ná die oorgawe geen middel nagelaat om hierdie stad in hande te kry nie. Die eerste — en nie die swakste nie — van sy sette was toe hy in Mei 1945 daarin geslaag het om die stad onder sy beheer te kry en aan die Geallieerdes net een „vrye, ongehinderde" toegang vir vragverkeer wou toestaan indien laasgenoemde hul troepe uit die provinsies Saksen en Thüringen sou terugtrek.** Saksen en Thüringen lê sedert dien in die duister agter die Ystergordyn — en die „vrye toegang" by Helmstedt is tans die muisval waarmee die Sowjets hoop om Berlyn vroeër of later te vang. (Kyk berig op hierdie bladsy).

### DIE MENSE

Daar is egter een ding waarmee daar minder rekening gehou is, en dit is dat die weg na Berlyn oor die Berlyner gaan. Die pilare van hierdie Westelike bruggehoof is die Berlyners — daardie mense wat uit die enorme verwoesting, uit die bouvalle van Berlyn weer te voorskyn gekom het, is die mense wat geen bombardement, hoe verskriklik ook al, geen Russiese pantser of artillerie en geen hongerblokkade kon beweeg om hul stad te verlaat nie. Die liefde en die sterk verbondenheidsgevoel wat die Berlyners met hul stad verbind, is deur geen gebied binne die stad, deur geen doringdraad en deur geen Russiese patrollies te verbreek nie. Toe die laaste Amerikaanse vliegtuig die „lugbrug" na Berlyn binnegevlieg het, het genl. Lucius Clay 'n slag teen die Sowjets gewen, maar sonder die Berlyner was hierdie slag onmoontlik gewees.

### EKONOMIESE NOOD

'n Tweede gevaarlike faktor naas Helmstedt is die ekonomiese moeilikhede in Berlyn. **Vir sover die nywerhede in hierdie stad nie deur die jarelange bombardemente vernietig is nie, het die Sowjets sedert 1945 'n verdere 85 persent afgetakel, met die gevolg dat Berlyn uit sy eie industrie nie meer kan bestaan nie.** Berlyn is dus heeltemal afhanklik van hulp van buite — en sover dit die gebiede van die Geallieerdes betref, aangewys op Wes-Duitsland. Maar hierdie hulp bly ontoereikend solank die stad in sy geïsoleerde toestand bly voortbestaan. Ekonomiese hulp is veral nodig om sy geweldige werkloosheidsvraagstuk op te los. **Die Sowjets weet maar te goed dat werkloosheid die terrein is waarop hulle die beste geleentheid vir welslae het.**

Die beheerpunt by Helmstedt is die stimulans om die moeilikhede in Berlyn deur angs en onrus tot die gewenste chaos te bring wat die Sowjets nodig het om hul doel te bereik. Die Berlyners verdien nie net die bewondering vir hul prestasies in die koue oorlog nie, maar ook die hulp in en buite Duitsland wat Wes-Duitsland alleen nie kan bied nie.

**„As Berlyn val, volg Wes-Duisland. As ons van plan is om Europa teen die Kommunisme te beskerm, dan mag ons nie padgee nie," het genl. Lucius Clay gesê.**

# RÓOI VOORSPEL TOT VEROWERING VAN DUITSE HOOFSTAD

**Enkele weke gelede het die Sowjets begin om die vragverkeer aan die Russiese beheerpunt no. 1 by Helmstedt telkens weer te blokkeer. Langs die motorpad tussen Hannover en Berlyn het vragmotors soms 'n tou van ses myl lank gevorm om dae lank te wag om deur die Sowjetbeheer deurgelaat te word. Die proteste van die Geallieerdes teen hierdie skending van die Paryse verdrag, is deur die Sowjets genegeer.**

Aangesien die pad- en waterverbindings na Berlyn almal onder Russiese beheer is, bestaan daar vir die vragverkeer uit Wes-Duitsland net die een toegang tót Berlyn. As die slagbome by Helmstedt om laag gaan, kan dit 'n dreigende teken wees van wat op hande is. In 1948 het die hongerblokkade van die Sowjets gevolg wat 'n jaar lank geduur het en slegs deur die lugbrug oorwin is. **Die klein blokkade van tans is die voorspel tot 'n groot politieke aksie wat daarop toegespits is om die hele Berlyn vanjaar nog onder die rooi bewind te bring. Die Kommuniste is besig met die organisering van 'n optog (sternmarsch) van 500,000 lede van die Freie Deutsche Jugend met Pinkster waarmee die harte van die Wes-Berlyners stormderhand vir Moskou en die rooi bewind verower moet word.**

Die Wes-Berlyners, wat al gewoond geraak het aan die Kommunistiese bombardement, sien die gebeurtenis met vertroue tegemoet: „Ons vrye lewe en ons vol winkelvensters sal die beste teenbetoging wees," verklaar hulle. — (Korr. in Duitsland).


**CALEDON**

Vryheidsdag word deur die Kommando's van Caledon gevier op

**11 Maart vanaf 4-uur nm.**
**op die plaas van mnr. Koos Viljoen**
**Meulrivier, Caledon**

**Spreker: Mnr. N. G. S. van der Walt,**
Redakteur van „DIE O.B."

**Omliggende Kommando's word ook vriendelik uitgenooi.**

**GEBIEDSRAAD VERGADER**
**op 18 Maart om 9 vm.**

In die Komiteekamer
Groote Kerkgebou
Kaapstad.

**Hoofgeneraals, generaals, Hoofkommandantes en asst.-hoofkommandantes teenwoordig.**

**BELANGRIKE SAKE WORD BEHANDEL.**

*Positiewe Apartheid*

# Korporasie Moet Belas Wees Met Ontwikkeling

**„Ek glo dat as ons die naturellevraagstuk wil oplos, ons met die onmiddellike grootskaalse ontwikkeling van die naturellegebiede op elke terrein moet begin en nie moet skroom om daarvoor ons hand diep in ons sak te steek nie," verklaar mnr. J. J. Olivier in sy referaat oor positiewe apartheid wat hy voor die S.A. Buro vir Rassestudie gelewer het. Die eerste deel het reeds in ons blad verskyn.**

**Nadat hy beklemtoon het dat 'n verskeidenheid van ekonomiese bedrywe in die naturellegebiede noodsaaklik is, gaan hy voort:**

Dit kan as 'n voldonge feit aanvaar word dat sonder industriële ontwikkeling in die naturellegebiede die hele beleidsrigting van aparte ontwikkeling in 'n blote klug sal ontaard. Wat inderdaad nodig is, is dat die soort eksperiment wat op die oomblik by Zwelitsha gedoen word, op groot skaal in die naturellegebiede herhaal word.

Presies wat die aard en omvang van daardie industriële ontwikkeling moet en sal wees, kan moeilik op hierdie stadium voorspel word. Aandag aan die saak is reeds bestee o.m. deur die Raad van Handel en Nywerheid in 1935, en deur die Sosiale en Ekonomiese Beplanneraad. Uit die beskikbare gegewens — wat maar skraal is — wil dit voorkom asof aanvanklik in die volgende rigting beweeg kan word: Vleisinmakery, looiery en skoenmakery, pottebakkery, houtnywerhede en weefstoffabrieke.

### MOEILIKHEDE

Dat daar beslis moeilikhede in die weg van die nywerheidsontwikkeling van die naturellegebiede is, val nie te betwyfel nie; die belangrikste daarvan hou waarskynlik verband met die verskaffing van vervoerfasiliteite, die voorsiening van krag en die beskikbaarstelling van kapitaal. Vir elkeen van hierdie probleme sal 'n voldoende oplossing gevind moet word alvorens nywerheidsontwikkeling in die naturellegebiede praktiese politiek kan word. In dié verband sluit ek my met graagte aan by wat die Sosiale en Ekonomiese Planneraad in sy Verslae No. 9 en 10 sê. Par. 256 van sy neënde verslag lui o.m. as volg:

„Die verskaffing van die nodige water, krag, verligting, vervoer en ander fasiliteite wat noodsaaklik is vir die uitvoer van die aanbevelings wat in verband met hierdie opname gedoen is, moet 'n staatsverantwoordelikheid wees. Die Staat of die een of ander ad hoc liggaam wat deur die Staat benoem word, sal moontlik moet help met die finansiering en garansie of selfs die bestuur van sulke ondernemings. As daar geen werklike staatseiendomsreg en -bestuur is nie, behoort die Staat ten minste beheer uit te oefen gedurende die vormingsproses. Dit is belangrik dat spesiale reserwetoestande by loonvasstellings in ag geneem moet word. Na die Raad meen, sou dit die beste oplossing wees om 'n ad hoc streekontwikkelingsbestuur in te stel op die grondslag wat in sy vyfde verslag voorgestel is. Die Transkeigebied sou 'n ideale gebied wees vir so 'n proefneming met streekbeplanning."

**Hierdie Sabra-lesing word by O.B.-lede aanbeveel as 'n studiestuk.**

### KORPORASIE

En daarmee kom ek tot die vierde en laaste punt i.v.m. hierdie algemene opmerkings aangaande die ontwikkeling van die naturellegebiede nl.

**Die Instelling van 'n Ontwikkelingskorporasie vir die Naturellegebiede.**

Die gedagte aan 'n Ontwikkelingskorporasie of -korporasies wat met die ontwikkeling van die naturellegebiede belas sal wees, word steeds in wyer kringe aangevoel as 'n moontlike rigting waarin beweeg kan word. Dit sal die taak van so 'n Korporasie wees nie alleen om die ontwikkeling van die naturellegebiede op elke moontlike terrein te beplan en in werking te stel nie, maar ook om as koördinerende liggaam te dien wat al die aktiwiteite en planne van die departement van Naturellesake en ander liggame in een bepaalde kanaal kan lei, en wat belangrik is, **ook moet bepaal hoe dat daardie ontwikkeling sal moet geskied sonder om desorganiserend op die ekonomie van die land as geheel in te werk.** Sy funksie sal dus beplannend en besturend wees.

### VINNIGE OPTREDE

Prof. D. G. Franzsen het in verband hiermee geskryf:

„Dit sal die taak van hierdie naturelle-streeksbeplanningsrade moet wees om die nodige fasiliteite wat deur die fabrieke en die daarmee gepaardgaande nywerheidsbevolking benodig sal word, te voorsien. Dit lê immers voor die hand dat voordat krag, water, behuising, e.d.m. aanwesig is, dit onmoontlik is om te begin met fabrieke en nywerheidsgemeenskappe. Volmag sal aan die rade gegee moet word om die stelselmatige ontwikkeling en beplanning van die natuurlike en menslike hulpbronne te onderneem uit fondse bewillig deur die Volksraad. Hierdie liggame moet outonomie in hul bepaalde streke hê, d.w.s. hulle moet nie as regeringsdepartemente vanuit Pretoria geadministreer word nie. Die geval van die T.V.A. in Amerika wat heeltemal losstaan van die Washingtonse burokrasie, kan hier genoem word. Die T.V.A. kon op hierdie manier veel vlugger tot belangrike beslissings geraak, aangesien die beslissings by die plaaslike hoofkwartier te Knoxville gevel word, en nie in Washington, 'n paar honderd myl ver nie.

### BESIGHEIDSGRONDSLAG

Om die nodige dryfkrag en inisiatief aan die dag te kan lê moet die streekbeplanningsorganisasie wat gestig word die algemene vorm van besigheidskorporasies hê. Die organisasievorm sal dus soortgelyk aan dié van 'n nutsmaatskappy, soos Escom, moet wees.

Die presiese besonderhede i.v.m. die taak en organisasievorm van die voorgestelde streekliggame kan nie hier uitgepluis word nie. Dit vra verdere detailondersoek indien die beginsels van die instelling van sulke korporasies goedgekeur word.

As eerste stap skyn dit wenslik dat onmiddellik daartoe oorgegaan word om 'n streekbeplanningsraad vir die Transkeistreek in te stel. Hierdie gebied kan dan as modelgebied dien, net soos die T.V.A. vandag as voorbeeld vir ander skemas in die V.S.A. dien."

Die tyd en omstandighede eis dat daar met positiewe optrede i.v.m. ons naturellebeleid begin moet word. Langs die weg hierbo aangedui kan so 'n begin sonder moeilikheid gemaak word. Vertraging in die uitvoering van hierdie planne sal nie slegs die naturellebevolking raak nie, maar die blanke bevolking belas met die verwyt dat hy sy plig, as voog en as Christen, skromelik verwaarloos het."

(Slot)

## OOM DANIE ROUX OORLEDE

Die samelewing van Franschhoek is verlede Woensdag geskok deur die onverwagse heengaan van Oom Danie Roux nadat hy in Kaapstad in die Volkshospitaal opgeneem was.

Oom Danie, wat 74 jaar oud was, was 'n baanbreker op die gebied van vrugte-uitvoer. Hy was die eerste boer in Franschhoek wat daarmee begin het, en ook die eerste boer om te begin met tabakplantery. Sy plaas se naam — Champagne — dien dan ook vandag nog as merk vir 'n tabakproduk.

Hy was baie jare lid van die afdelingraad, lid van die skoolraad, voorsitter van die Franschhoekse Uitvoerderskoöperasie, en tot op sy dood direksielid van die Franschhoekse verbruikerskoöperasie. Sy laaste jare het hy stil op die dorp deurgebring. Hy was met sy hele gesin 'n getroue ondersteuner van die Ossewabrandwag.

## *Kanoneiland Dreun*

„Dit was besielend om te sien hoe die ‚kanonne' weereens op Kanoneiland gedreun het," berig ons korrespondent in verband met die Vryheidsdagviering op 25 Februarie. Die opkoms was pragtig en die mooi bedrag van £52 is by die geleentheid ingesamel.

Komdt. S. W. P. du Plessis, wat nog nie lank in die tuig is nie, het hom besonder goed van sy taak gekwyt en die opkoms was pragtig. Die kommando het ook die teenwoordigheid en ondersteuning van lede van die verskillende partye baie waardeer.

## *Tsetsevlieg Uitgeroei*

Dr. J. I. Quinn, direkteur van Veeartsenykundige Dienste in die Unie, het aan 'n vergadering van verteenwoordigers van boereverenigings gesê dat Zoeloeland nou feitlik vry is van nagana, die beessiekte, as gevolg van die uitroeiing van die tsetsevlieg.

Hy het verklaar dat na vyf jaar se arbeid, wat byna £1 miljoen gekos het, die Mkuzi-Wildtuin nou gesuiwer is van die tsetsevlieg terwyl die Umfolosi-wildtuin byna skoongemaak is.

# Engelse Leser Vra Afskaffing Van Partystelsel

**Die gevoel teen die Britse partystelsel met sy middeleeuse oorsprong is nie net besig om in Afrikaanse kringe op te laai, waar dit indruis teen die volkstradisie nie, maar ook in Engelse kringe waar die nuttigheid van hierdie stelsel as instrument vir volkswelvaart in steeds toenemende mate betwyfel word. Die jongste protes daarteen kom van 'n leser van die Rand Daily Mail wat fout vind met die blad se veroordeling van die Britse eerste minister. Hy skryf onder meer as volg:**

„U skyn te vergeet dat hierdie twee manne (Attlee en Churchill) meer as iemand anders verantwoordelik was vir die oorwinning van die Geallieerdes. Koalisie-regerings het nog altyd hul land uit die gemors gehaal waarin die party-regerings dit gestort het. Waarom gaan ons dan in vir hierdie party-onsin?

**„Ons hoef nie verder as ons eie deur te gaan om te sien hoe die land sy ondergang tegemoet gaan omdat sake van volksbelang — soos die naturellevraagstuk, watergebrek, ens. — nie op 'n partybasis behartig kan word nie. Twintig jaar gelede was daar geen partypolitiek in stadsrade nie, maar tans is dit die orde van die dag. Goeie, bekwame manne, in plaas van saam te werk vir die gemeenskaplike welsyn, is verplig om mekaar teen te staan terwille van party-prestige.**

Indien daar geen partye was nie, kon ons almal saam Suid-Afrikaners gewees het en die regering kon vir die welsyn van almal gewerk het in plaas van net vir 'n deel van die bevolking.

**„'n Arm, dog pragtige land soos Switserland het die partypolitiek vaarwel gesê en gaan nou vooruit. Wanneer gaan ons ontwaak?"**


NOG 'N PAAR LINNEPAKKE WAT U BAIE VAN SAL HOU!

BY

Steyns

DIE MODEWINKEL

*Parow*


## *MILJOENE-PLAN VIR ONTGINNING*

Die Australiese regering het 'n vyfjaarplan vir landsontwikkeling aangekondig teen 'n beraamde koste van £1,000,000,000. Die geld sal van openbare en private beleggings verkry word, terwyl die regering bereid is om tot 'n kwart daarvan by te dra.





*Wapenskild van PRETORIA*

Die binneskild met 'n Romeinse Praetor daarop, is die familiewapen van Andries Pretorius wie se seun die grondslag van die stad in 1855 gelê het en die naam van sy beroemde Voortrekkervader gegee het. Die bome en die bye dien om groeikrag en werksaamheid voor te stel, terwyl die skild aan weerskante ondersteun word deur „Elandspoort" en „Koedoespoort"—twee plase waarop 'n gedeelte van die stad gebou is.

Die hoofstad het dus 'n eg Suid-Afrikaanse naam so eg Suid-Afrikaans soos die naam Kommando—die naam wat met trots gedra word deur die sigaret wat eg Suid-Afrikaans is omdat dit nog altyd van die keurigste produk van die Suid-Afrikaanse boer gemaak is na vermenging deur deskundiges om in die smaak te val van Suid-Afrikaanse rokers.

RONDE

Kommando



In naam en tradisie, 'n eg Suid-Afrikaanse sigaret

*Koop Suid-Afrikaans—*
—KOOP KOMMANDO

20 vir 1/-
50 vir 2/4

CS-A

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande.** Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### GEBOORTE

Aan mnr. en mev. **Ben Botha van Stellenbosch,** 'n fris klein Stormjaer op 2 Maart, in die plaaslike algemene hospitaal. Naas die Here, ons dank aan Dokters en Verpleegsters.
8/3/1

### VERLOWING

**Smit—Roos.**—Die verlowing word bekend gemaak van Lenie Roos, van Wellington, en prop. Thys Smit, van Riebeeck Kasteel.
8/3/1B

### BETREKKING GEVRA

Wie kan betrekkinge aan twee voornemende immigrante aanbied? Eersteklas vakmanne. Goeie getuigskrifte.
**H. Beersma, Hertogstraat 20, s'Hertogenbosch, Nederland. (Koekbakker).**
**H. Romyn, Boterbrug 9, Delft, Nederland. Veelsydige metaalwerker).**
**Antwoord lugpos.**
8/3/1B

### GESERTIFISEERDE AUSTRALIESE BRUIN UIESAAD

**Vars Gesertifiseerde Australiese bruin Uiesaad** teen 9/-, Chantenay Wortelsaad 6/6, Detriot Beetsaad 5/6 per lb. Vra om volledige pryslys van **Premier Saadkwekers, Pk. Schoemanshoek.**
8/3/T.K.

**UIESAAD:** Goewerments-Gesertifiseerde Saad 1949/50-oes. Vroeë Kaapse Plat, Australiese Bruin, Silwer King, Kaapse Strooikleur, en Copper King Uiesaad teen 9/- per lb. Greenfeast Saaderte £6 10s. per 200 lb. sak. Chantenay Wortel, Detroit en Egiptiese Plat Beet 6&6 per lb. Skryf aan ons vir 'n volledige pryslys van groentesaad en plaassade. **Kango Saadkwekers, Posbus 107, Oudtshoorn.** 1/2/TK.

### GRYSHARE

**GRYSHARE** herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jongvoorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvel voedingsmiddel u, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel geld met bestelling. **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.**
C/1/9/49

### MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID, ons beskik oor die middels en behandel alle siektes, skryf, inligting gratis.—**Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.**
A/1/9/49

**Voor u alle hoop van genesing laat vaar,** en u aan die ergste onderwerp skryf, dan vir oulaas, raadpleeg **Die Boerevrou, Bus 7559, Johannesburg.**
(Nr.1) 1/9/49

### MARK AGENTE

**Kamerade! Aandag!**
Stuur al u produkte aan **U. S. Bellingan, Mark Agente, Uitenhage. Telegrafiese adres: „Blank S.A." Foon 1063.** As julle die dorp besoek kom gesels 'n bietjie. Dienswilig.
21/9/TK

### MEUBELS

**MEUBELS.**— Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad.
3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435

Vir alle Radio en ander elektriese herstelwerk, **R. Rascher, Birdstr. 83, Stellenbosch. Foon 1092.**
28/2K

### SOUT

**SOUT** vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaai. Soutwerke tevredenheid gewaarborg. Adres: **Komdte. Mev. Martie Venter, Possak No. X4,** Arbeidsloon, Bloemfontein.
19/1/TK

Nuwe seisoen sout in sterk sakke as volg:—
Spesiale sneeuwit 80/- per ton.
Sneeuwit No. 1 70/- per ton.
Wit No. 2 60/- per ton.
Wit No 3 50/- per ton.
Sneeuwit fyn tafel- en bottersout per 200 pd. 10/-; 100 pd. 5/-; 50 pd. 2/6. Vry gelaai soutwerke vir tevredenheid en dadelike aflewering, probeer:—
**M. Fourie, Veldkornet, P/Sak No. x4, Arbeidsloon, Bloemfontein.**

### TEE

Spesiaal gekweek, suiwer, **Eerstegraad Cederberg-Rooibostee.** Beroemd vir sy **besondere geur en voordeligheid.**
10 Pond pakkies vir 32/6 binne Unie. S.W.A. 37/- (Posvry) K.M.B.
100 Pond pakkies aan handelaars vir £12-0-8 K.M.B.
Verpakker:— **A. J. Mouton, Gelukwaarts, Citrusdal. K.P.**
8/3/T.K.

### VRUGTEBOME

**Kleinberg Kwekery** bied aan:
Royal Appelkoosbome op Pruimwortel.
Beluda Appelkoosbome op Pruim- en Perskewortel,
D'Agen, Suiker pruimedante op pruimwortel,
Kakamas (Colins) taaipit op perskewotel.
Sterk gesonde bome gewaarborg.
Tree in verbinding, **Bus 16, Pos Breërivier.**
22/2/5B


**VERVOERDIENS**

*Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met*

**J. A. STRAUSS**

**Posbus 64 - - Telefoon 9-8355**

**PAROW**


# V.S.A. SE NUWE GRENS

**„Sardonicus", Kaapstad, skryf:**

Toe die voormalige hoof van die Amerikaanse besettingsgebied vir Duitsland, Genl. Lucius D. Clay, onlangs in die V.S.A. teruggekeer het, het 'n verslaggewer die generaal, wat met baie van die veroordelings in Duitsland te doen gehad het, gevra hoe hy nou eintlik hou van die fatsoenlikes onder die Duitsers. Die generaal het geantwoord:

„Ek het nooit een raakgeloop nie."

Nou het die generaal op 'n perskonferensie gesê dat al duur dit ook nou vyf jaar of vyftig jaar, die Amerikaners troepe in Duitsland moet hou, want dit is Amerika se grens en hulle behoort dit te verdedig.

Ons insiens sal generaal Clay 'n taamlike groot leër in Duitsland moet hou as dit nou die V.S.A. se grens is, want hy kan tog nie verwag dat die Duitsers wat nie fatsoenlik vir die Amerikaners is nie, die nuwe Amerikaanse grense sal help verdedig nie. Selfs veldmaarskalk Montgomery moet maar liewers nie staat daarop maak dat die „oorlogsmisdadigers" terwille van Benelux, wag aan die Ryn sal staan en die Sowjet pantsers sal help keer nie. Miskien daarom dat mnr. Churchill weer by Stalin wil gaan kuier, as sy party die verkiesing wen—wat nie gebeur het nie.

## Parlementêre Prosedure

**„Vlieg in die Salf", Stellenbosch, skryf:**

Dit skyn asof dit nog jare sal neem voordat die mensdom, in besonder die Boere Nasie, gereed sal wees om die Partystelsel in die Unie vaarwel te sê.

Sou dit dan miskien nie beter wees om die Parlementêre prosedure te wysig nie? Sê bv. dat die Parlementslede uitgesif word in Komitees, volgens hul besondere kennis, dan saam met die Hoof van die verskillende departemente, en onder Voorsitterskap van die Minister stel hulle alle wette op. As 'n man dan in meer as een rigting verteenwoordig wil wees, kan alle wette aan hom vir kritiek gestuur word. Nadat die wette opgestel is gaan hulle na 'n sentrale plek vir die bestudering van ander lede. Binne 'n vasgestelde tyd kan hulle nog voorstelle aan die Komitee of Minister maak.

Dan kom die Parlement vir 'n 21 dae bymekaar en bekragtig alle wette sonder bespreking. Alleen mosies van wantroue word dan in die openbaar bespreek of selfs oorlogsverklarings. Anders stem hul net.

Hiermee word die Parlementêre klug en daardie verkwisting teen 1/3 per woord uitgeskakel.

Dit is doeltreffend en lê 'n baie groter verantwoordelikheid op die Opposisielede. Minder tydverkwisting en baie doeltreffend. Natuurlik sal lede dan nie meer toneel kan speel vir die galerye nie maar hulle sal die land werklik kan dien.

Ons leef in 'n Rewolusionêre periode en ons moet Parlementêr en Ekonomies rewolusionêr handel en dink.

## Bittereinder

**Mnr. J. Bezuidenhout, Ohrigstad, skryf:**

Ek was bly om weer die boodskap van wyle genl. Hertzog in Die O.B. te sien. Die vryheidsvure het op 27 Februarie weer hier gebrand op die kop agter die skool. Maar as bittereinder voel ek baie teleurgesteld om te sien hoe ons ou volkie nou weer aan die slaap gesus word deur dr. Malan ten opsigte van die republiek waarvoor ons bloed en goed opgeoffer het.

## Soos Ons Lesers Dit Sien

Dit is vir ons, wat al tussen sewentig en tagtig jaar oud is, pynlik om te sien hoe ons generaal Hertzog nie gevolg word nie.

## ANTIJOODSHEID IN RUSLAND?

**„Leser", Kaapstad, skryf:**

Die berig in „Die O.B." van 15/2/'50 oor nuus van Joodse vervolging in Rusland kom ietwat vreemd voor veral as mens in aanmerking neem die groot rol wat Jode in die Kommunisme speel vanaf Karl Marx die vader van die Kommunisme, Engels, Lasalle, Trotsky, Zinoview, Kamanev, Litvinov en andere, tot vandag by Kaganovitch, Beria, Manuilsky, Ehrenburg, wat almal belangrike poste in die Sowjet-Unie beklee. Ook in die Sowjet-satellietstate beklee Jode leidende posisies soos bv. Berman in Pole, Pauker in Roemenië, Rakosi in Hongarye, Aisler in Oos-Duitsland.

„Uitskakeling van Jode uit belangrike staatsposte" in Rusland sou „anti-semitisme" beteken en, terwyl daar wette teen „anti-semitisme" ook in die demokrasieë is, soos bv. in die Bonn-Republiek waar dit nou 'n „vredestydse misdaad" is, word „anti-semitisme" as 'n groot misdaad wat swaar gestraf word in die Sowjet en sy satellietstate beskou.

# Suid-Afrika Vir Engeland Moeg, Sê Rhodesiese Blad

**„Baie jare gelede het die Voortrekkers moeg en sat geword vir Engelse beheer en noordwaarts getrek, juis weens die feit dat hulle (die Engelse) Afrika nie verstaan het nie. Ongeveer dieselfde tyd het 'n groot aantal van die setlaars wat vroeër van Brittanje af gekom het, ook opgepak en die Kaap verlaat om dieselfde redes," skryf The Rhodesian Monthly Review van Januarie 1950 na aanleiding van persberigte dat 500,000 Skotte 'n versoekskrif geteken het vir die verkryging van selfregering.**

Die blad skryf voorts: „Daar sal onthou word dat die mense van Suid-Rhodesië, 'n paar jaar gelede, ook moeg en sat geword het vir wat toe bekend was as die beheer van die British South Africa Company, wat hoofsaaklik voorgeskryf was deur die Colonial Office. Rhodesiërs het begin kwaad word en voortdurend gevra vir selfregering. In 1923 het hulle Verantwoordelike Regering gekry met slegs beperkte verantwoordelikheid. Nietemin was dit die eerste stap weg van Brittanje en 'n privaat-maatskappy. **Vandag eis die Rhodesiërs, Dominium-status, weens sekere voorbehoude in die bestaande grondwet, wat aan Engeland te veel mag gee en hom in staat stel om in te meng in die sin dat hy blanke vooruitgang belemmer.**

**MOEG**

„Suid-Afrika is moeg om na mense in Engeland te luister, mense wat onkundig is oor Suid-Afrikaanse aangeleenthede en Suid-Afrikaanse beleid kritiseer. Toe genl. Hertzog gesag gevoer het was Britse nuusblaaie en die Koloniale Kantoor té krities; toe genl. Smuts in beheer was het ook hy sterk teenstand in Engeland ondervind, totdat hulle doelbewus opgehou het, omdat hy saam met hulle in die oorlog was.

**Sommige Suid-Afrikaners bepleit 'n republiek. Hulle is nie bereid om langer inmenging te verdra nie. Baie van ons in Rhodesië het daaroor iets te sê gehad maar ons moet onthou dat die Skotte in Skotland en die inwoners van Wallis op dieselfde politieke pad beweeg.** Hierdie gebeurlikhede laat die Britse leiers hulself waarskynlik afvra: ‚Wat is verkeerd met ons?' Hoekom gebeur al hierdie dinge? Of is dit dat die vreemde invloede dit doelbewus bewerkstellig en dit die mentaliteit van die leiers is dat hulle bly is om dit alles te aanskou? Ons wonder!" aldus The Rhodesian Monthly Review.




**BEROEMD *en* WELBEKEND**
*oor diè 66 jaar vir*
**BESTE WAARDE**
*in*
**KLAVIERE**
*VLEUELKLAVIERE*
*HUIS- EN KERKORRELS*
sowel as alle
**ander soorte MUSIEKINSTRUMENTE en Toebehore.**
**GRAMMOFONE, Plate, ens. — DRAADLOOSTOESTELLE**
**BLAD- en BOEKMUSIEK in grootste verskeidenheid**

*Spesiale Afdeling:*
**WAPENS**



**PATRONE, Jagbenodigdhede, VERKYKERS, Weerglase**
**Sakmesse, Valle vir Ongedierte, Jagmesse, ens.**

*Nuwe afdeling vir*
**YSKASTE • ELEKTRIESE STOWE • Elektriese Artikels**

**R. MÜLLER (Eiens.) BPK.**

**Hoek van Kasteel- en Burgstraat — Posbus 133 — KAAPSTAD**



**BRILLE**

**Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.**
**GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.**
**GEHOORAPPARAAT**
**OOK IN VOORRAAD**
**Die Voortrekker-Apteek**
**Kerklaan, KAAPSTAD.**
**Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.**
**Besoek ons of skryf om Besonderhede.**

DIE
Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 8 MAART 1950

# Die Rol Van Die Kind In Ons Geskiedenis

## I. Jannie Bezuidenhout

**Ons ken almal die geskiedenis van Slagtersnek. Op hierdie heuwel, geleë naby die dorpie Bedford, in die oostelike deel van die Kaapprovinsie, is daar op 9 Maart 1816 'n galg opgerig vir vyf Afrikaners . Hulle name was Hendrik Prinsloo, Stephanus Bothma, Cornelis Faber, Theunis de Klerk en Abraham Bothma.**

Die Kaapkolonie was toe onder die Engelse bewind. Die Boere wat destyds daar op die oosgrens woonagtig was, moes dikwels vind dat al hul vee deur die kaffers gesteel is. Selfs hulle vrouens en kinders is dikwels vermoor of bitterlik mishandel. Die Engelse bewindhebbers het maar altyd die kant van die Kaffers gekies en al die skuld aan die Boere gegee.

Ons weet dat die vyf manne opgehang is. Ons weet ook dat die toue waaraan hulle opgehang was gebreek het toe die valdeur die eerste keer onder hulle weggeskuif het. Onder gesoebat van die vroue en kinders, het die wrede soldate egter weer op die manne afgestorm. Die galg is weer reggemaak en die vyf Boere is weer opgehang aan sterker toue. Ons wil egter nie die hele geskiedenis hier oorvertel nie. Ons behoort dit almal te ken. Ons gaan hier vertel van die rol wat die veertienjarige seun, Jannie Bezuidenhout, daarin gespeel het.

Daar was 'n man, Frederick Bezuidenhout, wat 'n Hottentot met die naam van Booi in sy diens gehad het. Booi was 'n parmantige en ongehoorsame bediende. Frederick Bezuidenhout het die jong 'n paar maal gewaarsku en later 'n pak slae gegee. Booi het allerhande leuens aan die magistraat gaan vertel hoe wreed sy baas hom behandel het. Mnr. Bezuidenhout word toe voor die hof gedaag. Hy skryf egter aan die magistraat dat hy nie sy plaas so alleen kan agterlaat nie en dat hy ook nie gesond genoeg is om die reis na die hof te onderneem nie. Ons sal onthou dat die Kaffers gewoonlik gewag het totdat die baas van die plaas af weg is wanneer hulle kom vee steel en die vroue en kinders gemolesteer het.

Die magistraat slaan egter geen ag op sy brief nie en stuur 'n klomp soldate om Frederick Bezuidenhout te kom arresteer. Daar was ook gewapende Hottentotte onder die soldate. Dit het vir Bezuidenhout en die ander Boere baie kwaad gemaak. Hy weier toe om hom in hegtenis te laat neem, gryp sy geweer en vlug toe saam met 'n paar van sy vriende na 'n spelonk in die berg. Hy is daar in die spelonk vasgekeer en 'n Hottentot, met die naam van Josef, het hom daar in die spelonk doodgeskiet.

Hieroor was die familie en ander Boere baie kwaad. Op die begrafnis het sy broer, Jan, 'n toespraak gehou en uitgeroep: „Nooit sal ek rus nie, totdat die dood van my broer gewreek is". 'n Klompie Boere het hulle by Jan geskaar en die volgende dag het hulle op Slagtersnek bymekaargekom. Onder hulle was die vyf mans wat later aan die galg opgehang is.

Die soldate het hulle agtervolg en wou hulle vang. Dit het nie lank geduur nie of 'n hele paar van hulle is in hegtenis geneem. Jan Bezuidenhout het egter gevlug. Toe hy sy vrou en seuntjie kom groet, het hy aan hulle gesê dat hy hom nooit lewendig aan die soldate sal oorgee nie.

> Maats, ons plaas voortaan elke week 'n interessante verhaaltjie oor een of ander van ons kinderhelde, onder die opskrif DIE ROL VAN DIE KIND IN ONS GESKIEDENIS. Moenie hierdie interessante verhale mis nie. Aanstaande week vertel ons van die „Kinders van die Groot Trek."

Hulle was ook bereid om tot die einde toe by hom te staan.

Soos ons reeds gesê het, was Jannie Bezuidenhout nog maar veertien jaar oud. Hy wou nie weggaan van sy vader en moeder nie, maar was gereed om saam te veg en doodgeskiet te word, liewer as om deur die soldate gevang te word. Hulle het hul ossewa opgepak en die rantjies ingetrek en stelling ingeneem — gereed om te veg tot die dood toe.

Gou het 130 soldate opgedaag om hulle drie, vader, moeder en seun te vang. Jannie kon baie goed skiet. Hy het ook sy pa getrou bygestaan. Hoewel hy nog so jonk was, was daar by hom geen twyfel nie. Hy het net so hard soos sy pa geveg vir hulle behoud. Selfs toe sy vader se een arm later afgeskiet is, het hy nie opgehou nie, maar slegs meer vasberade geveg teen die geweldige Engelse oormag. Jannie se moeder probeer sy vader verpleeg, maar toe word Jan Bezuidenhout dodelik getref. Nou was dit net nog Jannie wat veg. Toe hy weer sien word ook sy moeder getref en sy sak inmekaar langs sy vader. Arme Jannie, hier langs hom lê sy vader en moeder, albei baie swaar gewond. Maar 'n Boereseun gee nie in nie, hy is nog mans genoeg om te skiet.

Die ongelyke stryd duur ook nie lank nie. Jannie word deur sy voet geskiet. 'n Kwaai pyn skiet deur sy lyf toe die brandende koeël sy voet oopskeur. Hy maak geen geluid nie. Hy vat weer korrel, maar 'n tweede koeël tref hom in die been.

(Vervolg in volgende kolom)

## VERJAARDAG-KETTING

**MAART**

9 Hugo Slabber, Paarl.
10 Laetitia Retief, Wellington.
Sannie Landman, Humansdorp.
Roland Kresfelder, Kirkwood.
11 Gertruda Muller, Kakamas.
12 Hendrik Claassen, Oudtshoorn.
13 Anna Theron, Kakamas.
Johanna Watson, Bezuidenhoutsvallei, Johannesburg.
14 Rita Burger, Brandvlei.
Izak van Zyl, Paarl.
Getruida van Rensburg, Loxton.
Christina Vermeulen, Luckhoff.
15 Christine Botha, Stellenbosch.
Gabriel Luttig, Paarl.
Wilma du Plessis, Paarl.

## OFFISIER, WAT IS U PLIG?

II

Soos ons in verlede week se uitgawe gesê het, is 'n offisier se tweede plig teenoor sy ondergeskiktes.

Veronderstel u is 'n Boerejeugveldkornet(te). Onder u bevel behoort te staan u asst.-veldkornette(s), korporaals en Boereseuns of -dogters. Dit is baie wat na u opsien vir leiding! Hulle reken op u regverdigheid, grootmoedigheid, kalme en wyse besluite en u moed. Dink goed na vir watter doel hierdie groot verantwoordelikheid op u skouers rus en daardie mag oor soveel jeugdiges in u hande geplaas is. U veldkornetskap maak 'n onafskeidbare deel uit van die leër van die Boerejeug. **U enigste doel is duidelik, nl. om u afdeling so te lei dat dit ten beste vir die roeping en strewe van die Boerejeug kan beywer.** Die kommando, veldkornetskap of korporaalskap is nie daar om vir u as persoon van nut of eer te strek nie — u eie persoon tel absoluut niks in hierdie saak nie. U is maar net 'n offisier wat, deur sy verstand, organisasievermoë, ens. bekwaam genoeg geag is om op te tree in diens van u God, Volk en Vaderland.

Vergeet nooit „ek is my broer se hoeder" nie. Stel belang in u Boereseuns en -dogters se privaat lewe. Hulle is jonk en sien op na u vir leiding. Gesels vertroulik met hulle en toon aan hulle deur u gedrag en karakter dat hulle deur dik en dun op u kan vertrou.

Om 'n veldkornetskap doeltreffend te kan organiseer, moet elke offisier tot die laagste rang die vertroue van sy juniors ten volle besit. U sal dit nie verkry deur u mag te misbruik nie. U verlang van hulle lojaliteit, nie vrees nie.

Wees streng, maar billik en regverdig. Wanneer daar gestraf moet word, mag geen offisier omdat dit 'n broer of 'n vriend is daarvoor terugdeins nie. Dog, laat liewer ingeval van twyfel 'n skuldige ongestraf as 'n onskuldige gestraf.

Boweal, onthou altyd dat ons met groeiende kinders te doen het. Laat wat ons met hulle behandel karaktervormend wees. Daar moet nooit van ons gesê kan word dat ons afbreek wat die ouers en onderwysers opbou nie. Ons moet met hulle saamwerk.

(Slot volg)

## BRIEWE-KOLOM

Posbus 1411,
KAAPSTAD.
8 Maart 1950.

Beste Maats,

Nou is ons darem regtig al raadop. Net een ou briefie het hierdie week by die redaksie aangeland. Wat is dan die fout, maats, skeep ons julle af of is ons blad nie interessant genoeg nie. Laat ons asseblief weet waarvan julle hou en wat ons moet weglaat. Dit lyk vir ons of julle ons nie glo as ons sê dat DIE BOEREJEUG julle blad is en dat julle self ook iets moet skryf nie.

Verlede week het ons afskeid geneem van een van ons redaksie-lede PANS TALJAARD. Hy is aan die meeste van julle goed bekend. Ons waardeer die werk wat hy vir ons blad gedoen het. Weens omstandighede kan hy nie voortgaan om ons te help nie. Baie dankie, Pans. Ons hoop jy gaan gereeld aan ons skryf.

Maat Sarie van der Merwe, Eeufeesbult, Pk. Loubad, Oor Nylstroom, skryf: Beste Maats, Die tyd het aangebreek dat ons weer wakker skrik en werk. Ons tweede Uniale laertrek lê voor, kamerade, en van hom moet ons 'n baie groter sukses maak as die een by die Monument. Ons kan mos ons leiers toon wat in ons steek. Ek wil veral die Boerejeug van Waterberg aanmoedig. Julle het pragtig begin. Hou so aan.

(Sarie wil graag weet of iemand wat die laertrek wat gehou was op Grootvlei, Nylstroom, gedurende Oktober, 1948, nie miskien weet wat van die vlag geword het wat by die ingang van daardie laer gehang het nie. Dit is die eiendom van hulle afdeling en is gemerk met 'n paar rooi kruisies op die wit deel. Maats kan direk aan haar skryf.—Red.)

Hartlike Boerejeug-groete,
REDAKSIE.

(Vervolg van vorige kolom)

Bloed stroom nou uit sy wonde. Hy kan nie meer skiet nie.

Wreed storm die soldate op hulle af. Hardhandig word hulle gevange geneem. Jannie se vader word begrawe en hy en sy moeder word saamgeneem na die dorp toe. Dit was 'n pynigende rit. Maar hulle wonde het weer gesond geword.

As ons hierdie treurige gebeurtenis in ons geskiedenis, die geskiedenis van Slagtersnek, herdenk, mag ons nie die heldedaad van klein Jannie Bezuidenhout vergeet nie.

## Antwoorde - - Ons Blokkiesraaisel

**DWARS**

1. Rangband; 8. Erewag; 10. Tale; 12. Keer; 13. Van Rensburg; 15. Asb.; 17. Dê; 18. Eer; 19. Ede; 21. Por; 22. Ingetoë; 24. Mot; 26. A.K.G.; 27. Ier; 28. Seisoen; 30. Lek; 31. Sny; 32. Dof; 34. Ys; 36. Tol; 38. Ekstrieke; 41. Iers; 42. Bere; 45. Kamele; 47. Oorskadu.

**AF**

1. Rat; 2. Nul; 3. Be; 4. Neënde; 5. Been; 6. Verbode; 7. Haard; 9. Res; 11. Aas; 12. Keurig; 13. Van Rooy; 14. Generaal; 15. Adamsvye; 16. Baptis; 19. Egalige; 20. Etiket; 23. Oë; 25. Oë; 26. Anders; 29. Snoeier; 33. Freroo; 35. Skaar; 37. Oer; 39. Nel; 40. Trek; 43. Era; 44. Eeu; 46. Os.

Maats moet vir ons laat weet of die blokkiesraaisel te maklik of te moeilik was. Ons sal ook bly wees om te hoor hoeveel julle reggekry het. Ons moet ook net meld dat vraag 3 AF in verlede week se uitgawe VOORVOEGSEL moes gelees het in plaas van VOORGEVOEL.




„Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerkgebou, vir Radios, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad."




KWV
-Eau de Cologne
en -Laventel

PRODUKTE VAN SUID-AFRIKA

K96

Kotzé

Kan met trots aanspraak maak dat sy kliënte onder die bes geklede klasse tel.

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD

# O.B. SAL AKTIEF VEG VIR NUWE STAAT

**Die Ossewabrandwag verkies om sy bydrae te lewer in 'n volksfront, in samewerking met sowel die Afrikaner- as die Herenigde Party en met ander wat wil toetree. Daarom is my oproep aan u om die O.B. sterk te maak sodat hy die groots moontlike bydrae kan lewer in enige front waarin hy verwelkom mag word. Indien daar nie 'n volksfront tot stand kom nie, sal dit ongelukkig elkeen vir homself wees. Vir daardie moontlikheid moet die O.B. besonder sterk gemaak word.**

**„Op die parlementê terrein sal O.B.-lede nooit weer gevra word om onaktief te wees nie," het genl. W. R. Laubscher, Voorligtingsoffisier, verlede Saterdag by geleentheid van 'n Vryheidsdagfunksie in Port Elizabeth gesê.**

Genl. Laubscher het verwys na die republikeinse taak van die Ossewabrandwag en die verwatering van daardie ideaal deur dr. Malan verlede jaar toe hy die ideaal van 'n Empire-republiek aanvaar het, en onlangs weer verklaar het dat al wat nog nodig is, is om die goewerneur-generaal se benaming na president te verander en die ampsbekleder deur die volk te laat kies in plaas van deur die kabinet.

**Die republikeinse ideaal van die Afrikaner hou veel meer as dit in. Dit hou in die verbreking van die Britse konneksie en die afskaffing van die Britse parlementêre stelsel.**

Dit is die plig van die O.B. om hierdie suiwer republikeinse ideaal voortdurend aan die volk te stel. Dit doen die O.B. dan ook elke jaar op Vryheidsdag en verseker daardeur dat die kontinuïteit ten aansien van die republikeinse ideaal gehandhaaf word tussen die geslagte wat was en die geslagte wat kom.

### GEMEENSKAPLIKE GRONDSLAG

Hierdie suiwer republikeinse ideaal bied 'n praktiese basis vir die samewerking tussen alle Afrikaners. Dit kan die grondslag vorm waarop 'n nasionale front van Afrikaners gebou kan word—**want dit was reeds eenkeer in die verlede sodanige grondslag. In 1941 het nl. alle Afrikaner-organisasies die bekende Republikeinse Grondwet aanvaar.** En boweal het dr. Malan dit aanvaar; hy was eintlik jaloers van tevredenheid daarmee, want toe die O.B. in die bekende pamflet 1/41 'n samevatting daarvan gepubliseer het, het hy (dr. Malan) die O.B. die oorlog aangesê omdat hulle sy grondwet gepubliseer het.

### HEELHARTIGE STEUN

**Indien die huidige Eerste Minister en sy regering weer-eens hierdie grondwet wil aanvaar en wil onderneem om dit in toepassing te bring, kan hy reken op die heelhartige steun van die O.B.**

In 1941 toe dr. Malan 'n Opposisieleier sonder mag was het die O.B. saam met hom by die Republikeinse Grondwet gestaan. **Hoeveel te meer sal die O.B. nie in 1950 saam met dr. Malan by die Republikeinse Gronwet staan nie—nou dat dr. Malan regeringshoof is en mag het om dit toe te pas?**

Hierdie Republikeinse Grondwet het met verloop van jare eerder toegeneem in waarde as andersins. Vandag gaan daar uit onverwagte oorde stemme op ten gunste van volksoptrede in teenstelling met partyoptrede. **En volksoptrede om die gebrek aan partyoptrede van die Britse Parlementêre stelsel te vervang was juis wat die Republikeinse Grondwet beoog het.**

### KLEURVRAAG

Neem maar die kwessie van kleurverhoudings in ons land. 'n Partyverkiesing is geveg en gewen oor hierdie saak. **Instede van 'n verbetering het eerder 'n verslegting van verhoudings tussen blank en nie-blank sedertdien ingetree. En van oplossing van die vraagstuk is daar nog geen sprake nie. Derhalwe gaan daar meer en meer stemme op dat die kleurprobleem uit die partypolitiek gelig moet word en as 'n volksvraagstuk aangepak moet word.**

Dit is nie onbekend nie dat die huidige grondwet van die Unie nie alleen in die pad staan van gesamentlike parlementêre optrede insake die kleurkwessie nie, maar dat ook die Uniegrondwet verantwoordelik is vir die uitstel van selfs die aanpakking van die probleem.

**Daarom bied die O.B. sy volle steun aan die regering indien die regering die huidige grondwet wil vervang met die meergenoemde Republikeinse Grondwet.**

Sodanige grondwet sal voorsiening maak vir 'n blanke volksraad, **maar dit sal terselfdertyd voorsiening maak vir nie-blanke volksrade met gedelegeerde magte. Dit sal ook voorsiening maak vir 'n blanke en nie-blanke Gemeenskapsraad waarin al die verskillende arbeidsgemeenskappe in die land behoorlik verteenwoordig sal word.**

Die uiteindelike doelwit is gebiedskeiding—'n eie tuiste vir nie alleen die blankes nie, maar ook vir elke nie-blanke volksgroep.

### PARTYPOLITIEK

Daar gaan vandag ook stemme op dat die kwessie van die stygende lewenskoste uit die partypolitiek gelig moet word sodat hierdie euwel wat elke huisgesin van ons volk intiem raak, deur eendragtige volksoptrede besweer kan word. Burokratiese beheermaatreëls skyn onmagtig te wees om die euwel te bestry, en om, sonder meer, terug te keer na die kapitalistiese winshandel sal die volk eenvoudig uit die vuur in die kookpot beland. **Ook in hierdie verband voel die O.B. dat hy 'n bydrae te lewer het, nl. die gedagte van beroepsverteenwoordiging.** Laat ons die volk se bedrywe en beroepe organiseer en aan elke sodanige arbeidsgemeenskap bepaalde verantwoordelikhede en magte toeken. Laat dit die plig van elke beroep of bedryf wees om dienste of goedere aan die gemeenskap te lewer teen ekonomiese pryse. En laat die ekonomiese prysvlak bepaal word deur die beroepe of bedrywe gesamentlik in die Gemeenskapsraad waar hul verteenwoordigers met mekaar kan beraadslaag.

**Die republiek sal nie alleen die knip van die Britse konneksie beteken nie, maar dit sal boweal die volk verlos van die praatsiekheid en daadloosheid van die partypolitiek.**

Vandag sit die volk met twee politieke partye wat byna ewe sterk is en wat mekaar skaakmaat sit. En die gevoel van verydeling by die volk vat gevolglik al hoe meer pos. **Dit is derhalwe verstaanbaar dat meer en meer stemme uit die volk self begin opgaan vir volksregering en vir dade. Daar is 'n kentering besig om plaas te vind. Die volk begin moeg word vir die uitstel en afstelbeleid van die selfs beste politieke partye.**

### VOLKSFRONT

Dit is daarom dat die O.B. as 'n oorgangstadium na die Republiek en na volksregering en na dade die stelsel van regering deur 'n nasionale front of 'n volksfront bepleit, dit is regering nie deur een party nie maar deur 'n front van partye en organisasies, 'n front waarin elkeen sy besondere bydrae kan lewer.

So 'n front kon die O.B.-A.P. en A.P.-H.N.P. kombinasie gewees het—was dit nie dat die H.N.P. weier om met die O.B. saam te werk nie. So 'n front kon selfs uitgebrei gewees het om ook ander organisasies in te sluit. Vandag nog hoop die O.B. dat die genoemde kombinasie tot so 'n front kan ontwikkel. Want die O.B. verkies om sy bydrae te lewer in 'n Volksfront, in samewerking met sowel die A.P. as die H.N.P. en met ander wat wil toetree. **Daarom is my oproep aan u om die O.B. so sterk as moontlik te maak sodat hy die groots moontlik bydrae kan lewer in enige front waarin hy verwelkom mag word.**

### DESNOODS ALLEEN

**Indien daar egter geen volksfront tot stand gebring kan word nie sal dit ongelukkig elkeen vir homself wees. Vir daardie moontlikheid moet die O.B. besonder sterk gemaak word sodat hy met krag sy standpunt kan stel en sy beginsels kan uitdra.**

U moet onthou dat die O.B.

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

'n aksie-beweging is wat moet veg, dag en nag, vir die herskepping van S.A. in die partylose republiek wat nasionaal en sosiaal van aard sal wees. **Van sy lede word aksie vereis—aksie op alle treeine. Selfs op die parlementêre terrein sal O.B.-lede in die toekoms nooit weer gevra word om onaktief te wees nie. Ook daar sal u moet branwag staan. Derhalwe maak sterk die O.B. sodat die Beweging sy rol sal kan speel in Suid-Afrika.**

Genl. Laubscher het opgetree by geleentheid van 'n Vryheidsfees wat in die Aurora-saal op Port Elizabeth gehou is. Genl Philip Els het die verrigtinge gelei en hoofkomdte. Olivier was verantwoordelik vir die verversings. 'n Baie aangename en gesellige gees het geheers.

## Besieling Op Heidelberg

Op Saterdag, 18 Februarie, het die Heidelberg-kommando (Tvl.) vir 'n gesellige byeenkoms vergader by die woning van hf. Komdte. en mnr. D. Gouws van Heidelberg.

Genl. J. Gouws wat spesiaal vir die geleentheid oorgekom het, het die aanwesiges korteliks toegespreek oor die organisasie van die Kommando. Hy het o.a. daarop gewys dat die O.B.-beweging nie tot stand gekom het om, soos baie mense klaarblyklik dink, „Gay Fawkes" met genl. Smuts te speel nie, maar dat die beweging gebore is uit 'n diepgevoelde republikeinse roeping van die Volk. Hy het die aanwesiges met nuwe moed en geesdrif besiel.

Saterdag, 25 Februarie, is Vryheidsdag herdenk toe die Kommando vergader het op die kleurryke Landgoed van Komdt. en Komdte. M. Mostert, op die plaas Rietbult, digby Balfour.

Na 'n kragtige openingsrede deur mnr. Dirk Gouws, het die generaal kortliks die doel van die byeenkoms verduidelik. Om 9 nm. is die Vryheidsvuur aangesteek, wat vir baie myle in die omgewing sigbaar was. Onderwyl die reuse-vuursuile nog lustig die lug inskiet, is die plegtige oomblikke afgesluit met die sing van „Die Stem."

## Skielik Bewus Van Onmenslikheid In Poolse Optrede

**Die Poolse regering is nog steeds besig om daardie deel van Duitsland wat die Westerse politici aan hom gegee het in ruil vir wat bondgenoot Stalin van Pole ingesluk het, van alle Duitsers te ontvolk. Die jongste berig lui dat Pole voornemens is om nog 'n kwart miljoen Duitsers na die Weste te verdryf.**

Die Geallieerde Hoë Kommissie voel glo diep geskok oor hierdie „onmenslike en willekeurige optrede" en het die Wes-Duitse regering aangesê om alle vlugtelinge voor te keer met uitsondering van 25,000 wat glo familiebetrekkinge het wat vir hulle kan sorg.

Toe Pole kort na die oorlog begin het met sy beleid van „onmenslikheid" deur miljoene Duitsers van hul vaderlandsbodem na die Weste te dryf, het die Geallieerdes geen fout daarmee gevind nie — hulle het slegs voortgegaan om Duitsers te verhoor wat mense tydens die oorlog teen hul sin verskuif het. **Nou dat hulle op langelaas ontdek het dat die Poolse uitdrywing deel van „premier" Stalin se beleid is om chaos in die Weste te stig, raak hulle skielik diep bekommerd oor die onmenslikheid ten opsigte van die handjievol oorgeblewenes.**


## Vrugtefees Op Constantia

**Die gewilde vrugtefees op die plaas Welgeleë, Constantia, van mnr. en komdte. J. R. Lategan, wat reeds 'n jaarlikse instelling geword het, word op Saterdag, 25 Maart, gehou. Die opbrengs gaan vir O.B.-dagfonds.**

**Soos gewoonlik sal heerlike hanepoot-druiwe, ander soorte vrugte en groente te koop aangebied word in die gesellige skaduwee van reuse-eike.**

**Bring ook u vriende saam.**

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.




REIS sonder las

Wanneer u 'n reis onderneem wat hotelakkommodasie, maaltye en beddegoed onderweg insluit, waarom dan uself met die lastige reëlings bemoei? Die S.A.S.-toeristeburo sal dit alles met graagte vir u reël, of u nou al per trein, padvoertuig, skip of vliegtuig gaan reis. Daar is slegs één kantoor om te besoek, net één betaling om te doen. Kán dit geriefliker?

Indien u u lugreis per Springbokdiens onderneem, en u plekbespreking deur middel van die Toeristeburo doen, sal u hotelakkommodasie in die Verenigde Koninkryk vir u gereël word.

*Spreek u naaste Toeristeburo of Stasiemeester*

S·A·S·-TOERISTEBURO·

*GEBRUIK ONS REISIGERSTJEKS*

5153/Ia